

**2022-
2027**

JUKSKEI SA

STRATEGIESE PLAN / STRATEGIC PLAN

2022 - 2027



INHOUD / INDEX

NR	ITEM	P
1	<i>Voorwoord van die President van Jukskei SA</i>	Foreword by the President of Jukskei SA 3
2	<i>Kontekstualisering van die Strategiese Plan</i>	Contextualisation of the Strategic Plan 4
3	<i>Visie van Jukskei SA</i>	Vision of Jukskei SA 5
4	<i>Missie van Jukskei SA</i>	Mission of Jukskei SA 5
5	<i>Die Waardes van Jukskei SA</i>	The Values of Jukskei SA 5
6	<i>’n Analise van die huidige Profiel van Jukskei SA</i>	An Analysis of the Current Profile of Jukskei SA 6
7	<i>Strategiese doelwitte van Jukskei SA</i>	Strategic Goals of Jukskei SA 6
8	<i>Belanghebbendes</i>	Stakeholders 7
9	<i>Strategiese dryfkragte van Jukskei SA</i>	Strategic Thrusts of Jukskei SA 8
9.1	<i>Werwing</i>	Recruitment 8
9.2	<i>Jukskei as skoolsport</i>	Jukskei as school sport 11
9.3	<i>Variasies van Jukskei</i>	Variations of Jukskei 13
9.4	<i>Bestuursvaardighede en bekwaamhede</i>	Management skills and competencies 15
9.5	<i>Bemarking van Jukskei</i>	Marketing of Jukskei 17
9.6	<i>Effektiewe kommunikasie</i>	Effective communication 19
9.7	<i>Verhoogde eienaarskap</i>	Increased ownership 21
10	<i>Monitering en evaluering</i>	Monitoring and evaluation 23

1	VOORWOORD DEUR DIE PRESIDENT VAN JUKSKEI SA FOREWORD BY THE PRESIDENT OF JUKSKEI SA	
	<p><i>“Strategy without tactics is the slowest route to victory. Tactics without strategy is the noise before defeat.” Sun Tzu</i></p> <p>Sedert die ontwikkeling van die eerste strategiese plan in 1994, was die fokus op die uitbreiding van Jukskei om al die mense in Suid-Afrika te bereik. Sedert hierdie inisiatief, het die sport strategies ontwikkel en uitgebrei, veral tov deelname deur junior spelers en skole-deelname. Die vestiging van Jukskei SA Akademie vir opleiding en navorsing, die verkryging van Jukskeipark as sentrale fasiliteit en Jukskei SA se eerste bywoning van ‘n Inheemse Wêreld Sport en Spele in Bangkok het in 1996 uit hierdie strategiese plan gespruit. Jukskei SA woon in 2008 (Korea) en in 2012 (Litaue) verdere Inheemse Spele by.</p> <p>Die strategiese plan van 2004 opgestel en hersien nav die vorige fondament gevestig in 1994. Die voorsiening van volhoubare en veranderende toerusting, aktiewe betrokkenheid by Inheemse Sport in provinsiale strukture, deelname aan voornoemde Spele, die vestiging van ‘n Afrigtings assosiasie en korporatiewe beeld het bygedra tot die groei van die sport. Die Lottobydraes aan JSA het bygedra tot bogenoemde aksies wat suksesvol uitgevoer kon word.</p> <p>Die strategiese plan van 2010 tot 2014 is saam met die 70-jarige feesviering van Jukskei SA afgeskop en fokus op die voortdurende bestaan van jukskei op nasionale en internasionale vlak. Die wêreldwye druk op die sosio-ekonomiese veranderinge, politieke veranderinge in die land en veranderings in lewenswyse asook werkverwante benaderings het ook ‘n impak op jukskei.</p> <p>Die strategiese plan van 2014 tot 2020 is ‘n voortsetting van die vorige Strategiese plan</p>	<p><i>“Strategy without tactics is the slowest route to victory. Tactics without strategy is the noise before defeat.” Sun Tzu</i></p> <p>Since the development of the first strategic plan in 1994, the focus has been on the expansion of Jukskei to reach all the people in South Africa. Since this initiative, the sport has developed and expanded strategically, especially with regard to participation by junior players and schools participation. The establishment of Jukskei SA Academy for Training and Research, the acquisition of Jukskei Park as central facility and Jukskei SA's first attendance of an Indigenous World Sports and Games in Bangkok in 1996 stems from this strategic plan. Jukskei SA attended further Indigenous Games in 2008 (Korea) and in 2012 (Lithuania).</p> <p>The strategic plan of 2004 drafted and revised following the previous foundation established in 1994. The provision of sustainable and changing equipment, active involvement in Indigenous Sports in provincial structures, participation in the above Games, establishing a Coaching association and corporate image have contributed to the growth of the sport. The Lotto contributions to JSA contributed to the above actions that could be performed successfully.</p> <p>The strategic plan from 2010 to 2014 was kicked off with the 70-year celebration of Jukskei SA and focused on the constant existence of Jukskei at national and international level. The global pressure on socio-economic changes, political changes in the country and changes in way of life as well as work-related approaches also have an impact on Jukskei.</p> <p>The strategic plan from 2014 to 2020 is a continuation of the previous Strategic plan</p>

<p>met groter fokus om die Sport toeganklik te maak vir alle mense in Suid-Afrika. Die uitdagings van die laaste vyf jaar het nie verander nie, die intensiteit daarvan en die druk is net groter op sport federasies om deelnemers betrokke te hou en die sport te laat voortbestaan.</p> <p>Die Strategiese plan moes in 2021 hersien word met die aanwysing van die nuwe Direksie. As gevolg van Covid was die Direksie se termyn verleng met een jaar en is die groot hersiening uitgestel totdat die nuwe Direksie verkies is tydens die AJV in 2021. Die nuwe strategiese plan is nie daarop gemik om al die "goeie" uit die vorige plan weg te gooi en nuut te begin nie maar eerder om te bevestig dat ons Strategiese rigting nie verander het nie. Die hersiening was ook meer gefokus om die plan prakties te maak en Taktiese planne in plek te stel om die Strategie uitvoerbaar te maak op alle vlakke binne Jukskei SA.</p> <p>Hierdie strategie is nie die JSA Direksie se plan nie. Waardevolle insette is van al die Provinsies se verteenwoordigers gekry tydens die werkswinkel. Die strategie is 'n kombinasie van almal van ons se insette en dus iets wat elkeen van ons eienaarskap van moet neem en van grondvlak tot Nasionale vlak implementeer.</p> <p>Hierdie strategiese plan is JSA se manier om deur die implementering hiervan ons nuwe toekoms as Sport in Suid Afrika te skep.</p> <p>Ek glo dat elke klub, distrik, Provinsie en JSA besture inkoop in hierdie strategiese plan om vir Jukskei in Suid Afrika 'n nuwe toekoms te skep.</p> <p>Dit is vir 'n groot voorreg om weereens deel van hierdie proses te kon wees.</p> <p>Nico Nel PRESIDENT JSA</p>	<p>with greater focus on making the Sport accessible to all people in South Africa. The challenges of the last five years have not changed, its intensity and the pressure is only greater on sports federations to keep participants involved and allow the sport to exist.</p> <p>The Strategic plan had to be revised in 2021 with the designation of the new Board. Due to Covid, the Board's term was extended by one year and the major review was postponed until the new Board was elected during the AGM in 2021. The new strategic plan is not aimed at throwing all the "good" out of the previous plan and starting new but rather to confirm that our Strategic direction has not changed. The review was also more focused on making the plan practical and putting Tactical plans in place to make the Strategy feasible at all levels within Jukskei SA.</p> <p>This strategy is not the JSA Board's plan. Valuable inputs were obtained from all the Provinces' representatives during the workshop. The strategy is a combination of the input of all of us and thus something that each of us must take ownership of and implement from ground level to National level.</p> <p>This strategic plan is JSA's way of creating our new future as a sport in South Africa through the implementation of this.</p> <p>I believe that every club, district, Province and JSA managements buy into this strategic plan to create a new future for Jukskei in South Africa.</p> <p>It is a great privilege for me to be part of this process once again.</p> <p>Nico Nel PRESIDENT JSA</p>
--	---

2	KONTEKSTUALISERING VAN DIE STRATEGIESE PLAN CONTEXTUALISING OF THE STRATEGIC PLAN	
	<p>Jukskei SA streef daarna om 'n inklusiewe kultuur te ontwikkel sodat alle Suid-Afrikaners geïnteresseerd sal wees om deel te neem aan die spel. Jukskei SA sal konsentreer op:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die bestaande eenhede van analise [Provinsies, Distrikte, Klubs, Skole en deelname (kompetisies)]. • Die belyning van sportpraktyke om die totale sportpubliek asook die wyer sportgemeenskap in die land te dien. • Die huidige klimaat van ondersteuning en inkoop op alle vlakke van deelname tot leierskap in Jukskei. • Streef na 'n onafhanklike en gesonde finansiële stelsel en bestuur. • Die beweging van operasionele leierskap na strategiese bestuur op elke vlak van die sport. • Beklemtoning van die voordele en suksesse wat behaal kan word deur elke deelnemer. <p>Jukskei Suid-Afrika (JSA) verteenwoordig:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 9 Provinsies • 914 Senior, 360 junior en 223 skole deelnemers; • 135 Klubs en Skole <p>a) Spelers se ouderdom is vanaf 8 tot meer as 90 jaar.</p> <p>b) Jukskei is nie meer suiwer familie sport nie.</p> <p>c) Baie spelers is pensionarisse of kom van gemiddelde inkomstevlak af en baie spelers sukkel finansiëel.</p> <p>d) Kwaliteit van spel het afgeneem oor die laaste paar jaar.</p> <p>e) Veiligheid en sekuriteit is 'n probleem en mense oefen minder.</p> <p>f) Politieke druk op transformasie is meer.</p> <p>g) Jukskei en die bestuur van Jukskei het baie meer informeel geword en spelers neem graag aan sosiale geleenthede deel.</p>	<p>Jukskei SA strives to develop an inclusive culture so that all South Africans will be interested in participating in the game. Jukskei SA will concentrate on:</p> <ul style="list-style-type: none"> • The existing units of analysis [Provinces, Districts, Clubs, Schools and participation (competitions)] • The alignment of sports practices to serve the total sports public as well as the wider sports community in the country. • The current climate of support and acceptance at all levels of participation in terms of Jukskei. • Strive for an independent and sound financial system and management. • The movement of operational leadership to strategic management at every level of the sport. • Emphasize the benefits and successes that can be achieved by each participant. <p>Jukskei South Africa (Jukskei SA) represents:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 9 Provinces • 914 Senior, 360 junior and 223 school participants; • 135 Clubs and Schools <p>a) Players' age is from 8 to older than 90 years.</p> <p>b) Jukskei is no longer a purely family sport.</p> <p>c) Many players are pensioners or come from an average income level and many players struggle financially.</p> <p>d) Quality of play has decreased over the last few years.</p> <p>e) Safety and security are a problem and people are practising less.</p> <p>f) Political pressure on transformation is more.</p> <p>g) Jukskei and the management of Jukskei have become much more informal and</p>

	<p>h) Generasiegaping tussen skoolkinders en Veterane.</p> <p>i) Die profiele van besture verskil van die van spelers itv ouderdomme, geslag en kulture.</p> <p>j) Eksterne faktore soos Covid het deelname beperk en groot getalle Skole spelers het verlore geraak gedurende die laaste twee jaar.</p>	<p>players like to participate in social events.</p> <p>h) Generation gap between school children and Veterans.</p> <p>i) The profiles of boards differ from those of players in ages, gender and cultures.</p> <p>j) External factors such as Covid have limited participation and large numbers of school players have been lost during the last two years.</p>
3	VISIE VAN JUJSKEI SA VISION OF JUJSKEI SA	
	Jukskei: Suid-Afrika se Sport vir Almal	Jukskei: South Africa's Sport for All
4	MISSIE VAN JUJSKEI SA MISSION OF JUJSKEI SA	
	Om volhoubare groei van die sport Jukskei te bevorder deur die uitbreiding van die deelnemersbasis.	To promote sustainable growth of the sport of Jukskei, through the expansion of the participation base.
5	DIE WAARDES VAN JUJSKEI SA THE VALUES OF JUJSKEI SA	
	Die waardes wat alle aktiwiteite van Jukskei SA insluit is: <ul style="list-style-type: none"> • Uitnemende sportbelewing; • Respek vir diversiteit; • Bied geleenthede vir groei; • Moedig innovering aan; • Motivering tot uitstekende prestasie. 	The values that include all activities of Jukskei SA are: <ul style="list-style-type: none"> • Excellent sporting experience; • Respect for diversity; • Offers opportunity for growth; • Encourages innovation; • Motivation to excellent performance.
6	'N ANALISE VAN DIE HUIDIGE PROFIEL VAN JUJSKEI SA AN ANALYSIS OF THE CURRENT PROFILE OF JUJSKEI SA	
	<p>Deelnemers word ouer en sukkel finansiëel om aan te pas by die voortdurende verhoogde vereistes gestel aan die spelers.</p> <p>Die spel is gekompliseerd en geestelik uitdagend en benodig daarom variasie.</p> <p>Jukskei is 'n amateur sport met min befondsing van besighede of borge en die deelnemers moet self alle koste dra.</p>	<p>Participants are getting older and are not financially able to meet increasing demands on players.</p> <p>The game is complicated and mentally challenging and needs variation.</p> <p>Jukskei is an amateur sport with little funding from businesses or by means of sponsors and participants must bear their own expenses.</p>

	Die diversiteit van deelnemers op skole en junior vlak verskil van die van Senior en veterane deelnemers.	The diversity of school participants and junior level differs from that of senior and veterans participants.
7	STRATEGIESE DOELWITTE VAN JUKSKEI SA STRATEGIC GOALS OF JUKSKEI SA	
	Die volgende sewe dryfkragte is geïdentifiseer en sal nagestreef word van 2014 tot 2020:	The following seven driving forces are identified and will be pursued from 2014 to 2020:
7.1	Deurlopende werwing van spelers en administrateurs deur effektiewe strategieë.	Continuous recruitment of players and administrators through effective strategies
7.2	Die vestiging van Jukskei as erkende SKOLESPORT op alle vlakke en die behoud daarvan.	The establishment of Jukskei as a recognised School Sport at all levels
7.3	Die ontwikkeling en vestiging van spelvariasies van kompetisies en deelname	The development and establishment of game variations of competition and participation
7.4	Die deurlopende ontwikkeling van vaardighede van spelers, administrateurs en beampptes van Jukskei op alle vlakke	The continuous development of skills of players, administrators and officials at all levels of Jukskei
7.5	Die effektiewe bemaking van jukskei as 'n Sport vir Almal	The effective marketing of Jukskei as a Sport for All
7.6	Effektiewe tweerigting kommunikasie binne sowel as buite die spel Jukskei	Effective two-way communication within and outside the game of Jukskei
7.7	Neem eienaarskap van besluite en strategiese leiding binne Jukskei asook in die groter sportgemeenskap	Take ownership of decisions and strategic direction within Jukskei and in the bigger sporting society

JUKSKEI SA

STRATEGIESE PLAN / STRATEGIC PLAN

2022 - 2027



Belanghebbendes / Stakeholders
Jukskeideelnemers (Spelers en beamptes)
Provinsiale Strukture
Jukskei Distrikte en Klubs
SRSA
SASCOC
Internasionale Jukskei Federasie
Media
Ander Sportliggame
Borge en Sakevennote
Plaaslike Regering

Ons Waardes / Our Values
Uitnemende Sportbeleving / Excellent sporting experience
Respek vir Diversiteit / Respect for diversity
Bied geleentheid vir groei / Offers opportunity for growth
Moedig Innovering aan / Encourages innovation
Motivering tot uitstekende prestasie / Motivation to excellent performance

8	BELANGHEBBENDES STAKEHOLDERS	
	<ul style="list-style-type: none"> Jukskeideelnemers (Spelers en Beamptes) Provinsiale Strukture Jukskei Distrikte en Klubs SRSA SASCOC Internasionale Jukskei Federasie Media Ander Sportliggame Borge en Sakevennote Plaaslike Regering Lotto 	<ul style="list-style-type: none"> Jukskei Participants (Players and Officials) Provincial Structures Jukskei Districts and Clubs SRSA SASCOC International Jukskei Federation Media Other Sports Bodies Sponsors and Business Partners Local Government Lotto

9 STRATEGIESE DRYFKRAGTE VAN JUKSKEI SA STRATEGIC DRIVING FORCES OF JUKSKEI SA			
Sleutel Suksesaanduiders		Key Performance Indicators	
9.1 Deurlopende werwing van spelers en administrateurs deur effektiewe strategieë daar te stel		Continuous recruitment of participants and administrators through effective strategies	
<p>Om die deelnemersbasis van JUKSKEI te verbreed deur:</p> <ul style="list-style-type: none"> • die aktiewe werwing van skoolonderwysers en daardeur leerders (skoliere) en ouers te bereik. • die instandhouding van deelname deur jong volwassenes wanneer hulle skool verlaat en universiteite en die arbeidsmark betree. • die inkorporering van IG Jukskei in die georganiseerde Jukskei Federasie-strukture. • die werwing van deelnemers wat sal dien as administrateurs en beamptes. • bemarking en werwingsmateriaal beskikbaar stel deur Jukskei SA aan elke Provinsie. • die werwing van Sport-administrateurs deur opleiding en ondersteuning vanaf Jukskei SA. 	<p>Die werwing en groei van deelnemergetalle in Jukskei word bewys deur:</p> <ol style="list-style-type: none"> 1. 'n algehele groei van 5% in aktiewe geregistreeerde spelers in die volgende vyf jaar. 2. ten minste vyf spelers in elke distrik te werf wat voorheen geregistreeer was, maar nie in die voorafgaande jaar geregistreeer het nie. 3. die voorsiening van bekostigbare en duursame toerusting om nuwe spelers te werf. 4. al die provinsiale IG strukture te inkorporeer in die nege Provinsiale Jukskei organisasies en deelneem aan die B+C toernooi. 5. Die behoud deur elke Provinsie van 10% van juniorspelers wanneer hulle die ouderdom van 18 jaar bereik wat deelneem as Seniors oor 'n tydperk van 5 jaar. 6. dat alle provinsies aktiewe universiteitstudente het wat steeds Jukskei speel. 7. dat jaarlikse Intervarsity-kompetisies deel vorm van die USSA inisiatiewe. 	<p>To broaden the participation base of JUKSKEI through:</p> <ul style="list-style-type: none"> • the active recruitment of school teachers in order to reach learners (school children) and parents. • the maintenance of participation by young adults when leaving school and entering universities and the labour market. • the incorporation of IG Jukskei in the organized Jukskei Federation structures. • the recruitment of participants to serve as administrators and officials. • marketing and recruitment material provided by Jukskei SA to all Provinces. • the recruitment of sport administrators by training and support from Jukskei SA. • recruitment and training of recruitment officers at Provincial level by Jukskei SA. • provision of equipment to support all Provinces. 	<p>The recruitment and growth of participation numbers in Jukskei are evident if:</p> <ol style="list-style-type: none"> 1. there is an overall growth of 5% in registered players in the next five years. 2. there are at least five recruitments of previously registered players in every district that did not register the preceding year. 3. the provision of affordable and durable equipment to recruit novice players. 4. all Provincial IG structures are incorporated in the nine Provincial Jukskei organizations and participate in the B+C tournament. 5. each Province has a 10% turnover of junior players when they reach the age of 18 years and participating as Seniors over a period of 5 years. 6. all Provinces have active university students still playing Jukskei.

<ul style="list-style-type: none"> • werwing en opleiding van Werwingsbeamptes op Provinsiale vlak deur Jukskei SA. • voorsiening van toerusting om Provinsies te ondersteun. • verkryging van finansiële ondersteuning vir die Provinsies dmv SRSA projekte. 	<ol style="list-style-type: none"> 8. dat elke Provinsie 'n 20% groei het in afrigters en skeidsregters in die volgende twee jaar. 9. dat alle spankapteins op Nasionale vlak (Juniors bo 16 jaar en Seniors) gekwalifiseerde klubvlak skeidsregters is vanaf 2015. 10. dat alle Provinsies 'n minimum van twee opgeleide en gekwalifiseerde werwingsbeamptes het teen 2016. 11. die ontwikkeling van toeganklike reëls en variasie in kompetisies om nuwe spelers te akkommodeer. 	<ul style="list-style-type: none"> • obtaining financial support for the Provinces through SRSA projects. 	<ol style="list-style-type: none"> 7. annual intervarsity competitions form part of USSA initiative. 8. all Provinces have 20% growth in coaches and umpires in the next two years. 9. all team captains at National level (Juniors above 16 years and Seniors) are qualified club-level umpires from 2015. 10. all Provinces have a minimum of two trained and qualified recruitment officers by 2016. 11. the development of accessible rules and variation of competition to accommodate new players.
--	--	--	---

Taktiese Plan									
WERWING	Prioriteit	1	2	3	4	5	6	7	8
Kort Beskrywing		Sport & Recreation official (Sportfed) moet geïdentifiseer word	0'30 uitnodigingstoernooi (nie amptelik) sosial dag	Tekort aan provinsiale en nasionale skeidsregters	Vestiging van 'n Youtube kanaal. Sosiale media om Jukskei bekend te	1 speler per distrik nie 10% nie vir 5 jaar	Universiteit liga (USSA)	Mentorship program Skills transfer Vaardighede	Kry Jukskei CV van spelers. Staaltjies en stories
Wat moet ons doen?		Bekendstelling van Jukskei	Identifiseer 0'30 wat huidige speel	identifiseer 1 skeidsregter per distrik en kry onaktiewe skeidsregters om te begin optree	Demonstreer Jukskei op visuele manier vir almal. Temas vir verskillende maande.	Identifiseer spelers wat behou moet word	Kontak SASCOC and get relevant officials	Die admin/skills/oorhanging begin met 'n mentor program	Spelers kontak
		Ontmoet die relevante persoon en werk deur die kanale	Kry 3 spanmaats wat wel speel of gespeel het..of nuwes!	Kry skeidsregters om te groei in klubs		Betrek hom of haar vroegetydig by die nodige strukture			
Hoe doen ons dit?		Fisiese besoeke en verhouding opbou	Bemark die toernooi, soek borskappe	Klubvlak moet skuif na Distrik, Distrik na Nasionaal. Identifiseer die nodig skeidsregters om te groei en staan hulle by	Persoon in elke Provinsie en Distrik kry wat almal se kommunikasie deurstuur.	Die kind moet mee gewerk word om te weet dat hy deel is van die toekomsplanne	Kweek die belangstelling by die universiteit	Identifiseer nodige/sekere mense wat jy kan mentor	Kommunikasie persoon
		Wys spel en fasiliteite					Verduidelik dat dit deel kan vorm van		
		Gaan na verskillende townships en doen demonstrasies							
		5-6 persone							
Wat is nodig?		Persoonlike kontak na afloop van spel - wees persistent							
		Georganiseerde speelprogram	Bemaking - 'n persoon wat dit gaan vorentoe neem	Korrekte update van die databasis. Ondersteuning van klubs en Distrikte	Selfoon of kamera	Nie vir iemand vir wie dit 'n werk is nie	Bestuursgroep wat kan fokus op Universiteit/juni or vlak	Bereidwillige ouer/bestuurgroepe	Gewillige persoon
Wie gaan dit doen?						Die persoon moet die ondersteuning van sy klub en distrik hê	Bemark dit en soek borge		
		Regte persoon moet geïdentifiseer word en nuwe mense moet gementor word	Nico Hand (Gauteng)	Regte mentor vir ouderdomsgroep en die persoon wat aanklank vind by sy target groep	Persoon in elke klub en Provinsie stuur deur na Jukskei SA.	n Persoon wat die kinders wil help en dit geniet om met kinders te werk		Huidige bestuursgroepe	Klubs, Distrikte en Provinsies
Wanneer?						Hy of sy moet dit lekker maak vir die kind			
			So gou moontlik (16-19 Junie)	Op Skeidsregterskongres moet dit bepaal word en van daar af voortgaan	Wanneer daar aktiwiteite plaasvind.	So gou as moontlik. Begin nou werk met die juniors wat klaargemaak het in 2021	So gou moontlik om die 0'30s te trek	So gou moontlik	So gou moontlik
Addisionele inligting		Doen opvolgwerk		Koppel getal groei sodat ons die nodige kapasiteit skeidsregters het vir toernooie.	Hoeveel like die aanbieding en hoeveel raak betrokke.	Elke distrik moet minstens 1 speler behou wat klaargemaak het met juniors			Begin 'n databasis opbou

9.2 Die vestiging van Jukskei as erkende SKOLESPORT op alle vlakke	The establishment of Jukskei as a recognized School Sport at all levels		
<p>Om Jukskei as erkende Skolesport gevestig te kry deur:</p> <ul style="list-style-type: none"> • die deurlopende skakeling met die Nasionale Departemente van Onderwys, Sport en Rekreasie. • die aktiewe ontwikkeling van lesplanne en assessering van Jukskei as Inheemse Sport as deel van die Graad 8 en 9 Lewensoriëntering kurrikulum van die NCS in samewerking met die Departement van Onderwys. • die werwing van onderwysers as Afrigters en Werwings-beamptes vir Jukskei. • die vestiging van 'n skoleliga in alle provinsies volgens die goedgekeurde skoolstrukture. • die skepping van Interprovinsiale Ope Skole Toernooie. • die aktiewe betrokkenheid van ouers van skoolgaande juniors aan te moedig. 	<p>Die vestiging van Jukskei as erkende skolesport word bewys deur:</p> <ol style="list-style-type: none"> 1. deurlopende skakeling met nasionale en provinsiale owerhede om die positiewe aspekte van Jukskei as 'n skoolsport uit te lig en te bevorder. 2. die ontwikkeling en verspreiding van materiaal om die vaardighede en waarde van Jukskei met die ontwikkeling van jonger kinders bekend te stel. 3. dat lesplanne en assessering aan Graad 8 en 9 onderwysers beskikbaar gestel is om Jukskei as Inheemse Sport in die Graad 8 en 9 Lewensoriëntering kurrikulum aan te bied. 4. die deurlopende werwing van onderwysers as afrigters en skeidsregters. 5. dat elke provinsie aktiewe en georganiseerde skoleligas in jukskei aanbied. 6. dat al die top skole in die onderskeie ouderdomsgroepe per provinsie kwalifiseer vir deelname aan die SA Nasionale Skole Kampioenskap. 	<p>To establish Jukskei as recognised school sport through:</p> <ul style="list-style-type: none"> • the continuous liaison with the National Departments of Education, Sport and Recreation. • the active development of lesson plans and assessment of Jukskei as Indigenous Sport as part of the Life Orientation curriculum in the Grade 8 and 9 NCS in co-operation with the Department of Education. • the recruitment of teachers as Coaches and Recruitment Officers for Jukskei. • the establishment of a school league within all provinces within the approved school structures. • the establishment of Inter Provincial Open Schools Tournaments. • the encouragement of active involvement of parents of school-going Juniors. 	<p>The establishment of jukskei as recognized school sports is proven by:</p> <ol style="list-style-type: none"> 1. continuous liaison with national and provincial authorities to highlight and promote the positive aspects of jukskei as a school sport. 2. the development and distribution of materials to introduce the skills and value of Jukskei with the development of younger children. 3. a guide with lesson plans and assessment is provided to Grade 8 and 9 teachers to present Jukskei as Indigenous Sport in the Grade 8 and 9 Life Orientation curriculum. 4. teachers are continuously recruited as coaches and umpires. 5. all provinces present active and organized school leagues in Jukskei. 6. that all the top schools in the various age groups per province qualify for participation in the SA National Schools Championship.

Taktiese Plan								
SKOOLSPORT	1	2	3	4	5	6	7	8
Kort Beskrywing	Adopt a School	Vra skoolhoof om onderwyser aan te wys om Jukskei te koördineer.	Uitbreiding van LO kurrikulum	Direkteurstoernooi	Aktiewe betrokkenheid van ouers.	Afrigting en Ontwikkeling Nasionaal en spelers met potensiaal. Afrigting van afrigters - nie net kursus en toets nie. Meer praktiese blootstelling.	Kyk na verkeerde groep spelers. Kyk na graad 8 en 9. LO moet ook gebruik word. Moenie net vaskyk teen net minderbevoorregte skole. Begin net by 'n skool. Probeer 2 of 3 skole in 'n omgewing sodat hulle kan liga speel.	Adopt a School
Wat moet ons doen?	Een skool per distrik of provinsie kry. Na twee maande nog 'n skool bykry.	Provinsiale vlak (Distrikbestuur). Vra skool om onderwyser aan te wys. Vra skoolhoof of onderwyser om vervoer te reël. Bemagtig koördineerder of afrigter om reëls toe te pas.	In alle Provinsies se LO kurrikulum Dept van Onderwys se LO programme betrokke raak	Die Noordvaal junior toernooi up en running kry. Moet weer 'n komitee stig.	Ouers en grootouers bv. by skoleliga betrek. Skep geleentheid vir hulle om te speel.	Geleentheid skep vir tipe klinieke. Kinders afrig. Nuwe afrigters op die vlak van afrigting te kry.	maak Jukskei 'n gevestigde sport wat dit meer volhoubaar sal maak. Stoot meer geld in die projek oor die tydperk, bv. R5000 per jaar vir 5 jaar vir 3 skole. Skool moet bane voorsien. Ten minste 8 spelers per jaar.	Kloning van skole. Kry bestaande en nuwe skole om saam te speel.
Hoe doen ons dit?	Meer fasiliteerders. Fokus op een skool op 'n slag. Adopt a team of player, bv. 8 graad 1's en laat hulle in die Laerskoolweek deelneem.	Stel onderwyser bloot aan Jukskei deur die korrekte persoon met toestemming van die hoof.	Distrik moet sportbeampte wat aangewys is deur DBE nader. Daardie lid sal sorg dat LO nagestreef word deur skakeling met skole	Reël toernooi in samewerking met skolekomitee en direkteur juniors.		Spelers of afrigters identifiseer om klinieke by te woon. Mentor om afrigters heelyd te help verbeter.	Eerste kontak by skool kry bv. 'n mentor of gekwalifiseerde afrigter om te help en later spelers by klub intrek.	Gaan sien bestaande skole en afrigters
			Kinders saam te neem na gevestigde skole om Jukskei prakties bekend te stel					
			Kinders praat makliker met mekaar					
Wat is nodig?	Befondsing. Gebruik gelde wat vir ander skole toegestaan is in die skool om beter fasiliteite daar te stel. Toerusting en die regte persoon.	n Handleiding of lesplanne. Iemand met passie vir die spel - 'n mentor.	Kurrikulum is reeds daar - lede nodig om inisiatief te implementeer	Skoleligas om plaas te vind.		Geïdentifiseerde spelers en afrigters. Geïdentifiseerde bereidwillige mentors asook kundige en passievolle mentors.	Afrigter met tyd en kennis. Kontak nodig by skool - die regte persoon met passie.	Vervoer om leerders te vervoer
Wie gaan dit doen?	Mense moet opgelei word. Taalvaardigheid is belangrik.	Interpersoonlike verhoudings van kardinale belang.	Onderwysers en onderwys assistente	Voorsitter van skolekomitee en direkteur juniors		Akademie, junior en afrigters	Gedrewe Jukskeispeler	Bestaande afrigters moet betrokke wees en Jukskei SA
			Distrikte en Provinsies					
Wanneer?	So gou moontlik	So gou moontlik	Deurlopende proses reg deur die jaar	Ten einde Augustus		In af-seisoen - so gou as moontlik	Onmiddellik oor 'n 5 jaar plan	So gou moontlik
Addisionele inligting	Een Akademiespan by SA Junior Kampioenskap	Nader CR Swart - was voorheen sterk in Jukskei	Meer skole	Om die ondersteuning van skole te kry om Jukskei weer aan die gang te kry.				Kry onderwysers betrokke by skoleligas. Moet ten minste een skool per seisoen werf
		Monument						
		Corn bag, play ball - play Jukskei.						

9.3 Die ontwikkeling en vestiging van spelvariasies van kompetisies en deelname	The development and establishment of game variations of competition and participation		
